**Malhuis.**

Anel Heydenrych. Kaapstad: Penguin Random House, 2016. 245 pp.

ISBN: 978-1-4859-0306-2.

DOI: http://dx.doi.org/10.17159/tvl.v53i2.30

Op die voorblad van Anel Heydenrych se debuutroman *Malhuis* beskryf die skrywer van *Jo'burg, die blues en 'n swart Ford Thunderbird*, Vincent Pienaar, die roman as "'n emosionele en fisiese ontdekkingsrit". Met laasgenoemde stelling slaan Pienaar die spyker op die kop aangesien *Malhuis* allerlei aspekte van die menslike psige op amper gewelddadige wyse binnedring en sodoende die Jungiaanse skadufiguur op kru en ongekunstelde wyse dissekteer.

Die roman kan as 'n sielkundige riller en spanningsverhaal geklassifiseer word. Die narratief handel oor Helena Harmse, 'n sielkundige van beroep wat by The Southern Lodge in Londen werk. Helena kom aanvanklik voor as 'n sensitiewe en naïewe individu wat deur middel van haar beroep die gekrenkte geeste van die pasiënte in haar sorg probeer herstel. Haar daaglikse bestaan fokus op die omgang met haar onderskeie pasiënte en die wyse waarop hul geestesiektes behandel word. Laasgenoemde gebeure aktiveer 'n aanknopingspunt met Ken Kensey se roman *One Flew Over the Cuckoo's Nest* (1962). Die pasiënte van The Southern Lodge se daaglikse geroetineerde bestaan is soortgelyk aan die van Kensey se karakters. Angela, Naomi, John, Gladys, Alex, Mansur, George, Trevor en Jackie se agtergrond word egter nie ten volle deur Heydenrych ontgin nie en kon die narratief verder afgerond het indien die omstandighede wat tot hul opname in die inrigting vir geestelik versteurdes gelei het by die narratief geïnkorporeer was. Heydenrych staan egter heelwat verteltyd aan Naomi se karakter af. Naomi se troetelhaas, Blossom, is funksioneel binne die konteks van die verhaal aangesien Blossom se gevangenskap as metafoor vir die sielsiekes se ingeperktheid en gevangenskap in die Southern Lodge dien.

Wat *Malhuis* egter van die deursnee sielkundige riller onderskei, is die sterk klem op die uitbeelding van die seksuele in die roman. Heydenrych skroom nie om seksuele aktiwiteite en fantasieë op grafiese wyse te verwoord nie. Helena Harmse se karakter verander saans in die van 'n jagter op soek na 'n seksuele prooi in die gedaante van getroude mans. Seks word Helena se ontvlugting van die waansin waarin sy haarself op daaglikse basis binne haar beroep bevind, maar soos die narratief ontvou, word die leser bewus van Helena se kinderdae in Mayfair wat grootliks bygedra het tot haar selfvernietigende optrede. Helena neem die karaktereienskappe van 'n Jekyll en Hyde-persoonlikheid aan soortgelyk aan die van dr. Jekyll in Robert Louis Stevenson se roman *Strange Case of Dr Jekyll and Mr Hyde* (1886). Sy gee gevolglik doelbewus uiting aan haar donker onderbewuste deur gevaarlike seksuele praktyke te beoefen.

Die sekstonele herinner sterk aan romans soos E. R. James se *Fifty Shades of Grey* (2011) en Erica Jong se *Fear of Flying* (1973). Ook Kleinboer (Fanie de Villiers) se romans *Kontrei* (2003) en *Werfsonde*

(2012) is hier relevant. Aanvanklik onderbreek die kru taalgebruik tydens seksuele episodes die vloei van die roman aangesien dit semanties as aansitterig en geforseerd voorkom. Heydenrych gebruik egter die kru seksverwysings doelbewus. Dit versinnebeeld Helena Harmse se woede en word ʼn terapeutiese ontvlugting van haar trauma wat gedurende haar tienerjare afgespeel het.

Sekere gegewens in *Malhuis* sluit tematies aan by Jeanne Goosen se *Ons is nie almal so nie* (1990), Odette Schoeman se *Swartskaap* (2009) en Elbie Lötter (Anchien Troskie) se *Dis ek, Anna* (2004). Helena se kinderjare dra grootliks by tot haar eie emosionele 'malhuis' waarin sy probeer oorleef. Met temas soos armoede, gesinsgeweld, verkragting, pedofilie, aborsie en alkoholmisbruik plaas *Malhuis* die samelewing onder ʼn spreekwoordelike vergrootglas. Helena se swak verhouding met haar ma dra grootliks by tot haar traumatiese verlede en die soeke na heling in die hede.

Verdere temas wat in die roman figureer, is verwysings na die grensoorlog en ʼn kritiese blik op godsdiens asook die paswette tydens die apartheidsbestel. Helena se broer se selfdood as gevolg van posttraumatiese stres lewer indirek kritiek op die verlore generasie wat tydens die apartheidsjare diensplig op die grens tussen Suidwes Afrika (Namibië) en Angola moes verrig. Die rol van godsdiens en die kerk binne die patriargale sisteem word ook krities ondersoek. Helena se ma se buite-egtelike verhouding met die pastoor en die huishulp, Marta, se arrestasie lewer sosiopolitieke kommentaar op die Suid-Afrikaanse samelewing voor 1994.

Die roman se sikliese aard lei die leser op ʼn speurtog in die lewens en psiges van ʼn uiteenlopende groep karakters. Helena se selfhaat en gewete agtervolg haar in die vorm van ʼn vrou geklee in ʼn swart gewaad wat ʼn verdere misterieuse element aan die spanningsverhaal verleen. Met die tydspronge en verskillende ruimtes waarin Helena haarself bevind, slaag Heydenrych daarin om die gedagtegang van ʼn psigologies versteurde individu aan die leser oor te dra – ʼn maalkolk van emosies en gedagtes. Helena Harmse se karakter voltooi haar sikliese reis met ʼn onverwagse nadraai van gebeure wat hierdie spanningsverhaal op ʼn hoogtepunt afsluit. Deur middel van die narratief stel Heydenrych indirek ʼn belangrike vraag aan elke leser: wat is normaal? Is elke individu nie maar tog in sy of haar eie figuurlike malhuis vasgevang nie?

*Malhuis* ʼn roman wat meer as een keer gelees moet word om die werklike omvang van Heydenrych se verhaal en die boodskap wat daarin opgesluit lê ten volle te waardeer. Hierdie teks is nie ʼn oppervlakkige roman wat met goedkoop sensasie lesers probeer skok nie. Heydenrych speel ʼn geskrewe spel met die Freudiaanse onderbewussyn en belig sodoende die donker gegewens van die mens se daaglikse stryd om fisieke en geestelike oorlewing.

*Dewald Koen*
dkoen@ufh.ac.za
Universiteit van Fort Hare
Oos-Londen